Geagte AgriSA-lid

26 Mei 2026

# Pretoria Hooggeregshof uitspraak ten opsigte van private BKS inenting

Ons vestig u aandag op 'n uitspraak van die Noord-Gautengse Afdeling van die Hooggeregshof, Pretoria, gelewer op 25 Mei 2026 in die saak *Sakeliga NPC en Andere v Minister van Landbou en Andere* (Saaknommer 2026-047152), rakende die private verkryging en toediening van Bek-en-klouseer (BKS)-entstowwe deur vee-eienaars en -bestuurders.

**Wat die hof beslis het**

Die hof het tussentydse verligting toegestaan en op 'n voorlopige-grondslag bevind dat die staat nie 'n geldig gepromulgeerde wetsverbod ingevolge die Wet op Dieresiektes 35 van 1984 geïdentifiseer het wat vee-eienaars verhinder om wettig ingevoerde of vervaardigde BKS-entstowwe aan hul eie vee toe te dien nie. Ongepubliseerde beleidsstandpunte en interne regeringsdokumente het nie die krag van bindende reg vir hierdie doel nie.

**Wat die uitspraak nie doen nie**

Die uitspraak verleen slegs tussentydse verligting aan die applikante. Die hof het geen finale bepaling gemaak dat private BKS-inenting in alle omstandighede wettig is nie, en ook nie dat die staat nie die bevoegdheid het om dit deur behoorlik gepromulgeerde wetgewing in die toekoms te reguleer of te verbied nie. Die bevel magtig nie onwettige of ongeregistreerde entstowwe nie, hef nie bewegingsbeheermaatreëls op nie, skort nie siekte-aanmeldingsverpligtinge op nie, en stel produsente nie vry van bestaande veterinêre en biosekuriteitswetgewing nie.

**Wat ingevolge die bevel toegelaat word**

Eienaars en bestuurders van vee met gesplete hoewe mag wettig ingevoerde of vervaardigde BKS-entstowwe verkry en toedien, onderworpe aan streng kennisgewing-, rekordhouding-, naspeurbaarheids- en kouekettingvereistes. Alle bestaande bewegingsbeheermaatreëls en veterinêre regulatoriese vereistes bly van krag.

**Die regsposisie bly onvas**

Die Minister kan verlof tot appèl aansoek doen, wat die operatiewe status van die tussentydse bevel kan beïnvloed. Die staat kan ook te eniger tyd addisionele beheermaatreëls promulgeer, regulasies wysig, of nuwe permitte- of aanmeldingsvereistes instel.

**Ons advies**

Ons raai lede aan om versigtig op tree en binne die volledige raamwerk van diergesondheidswetgewing te bly. Lede wat private inenting oorweeg, moet verseker dat enige entstof wettig ingevoer of vervaardig is, dat alle kennisgewing- en aanmeldingsverpligtinge nagekom word, dat koueketting- en

**Postal Address:** Private Bag X180, Centurion, 0046, South Africa
**Registration Number:** 2021/931332/08 | NPC | South Africa
**Directors:** WP De Chavonnes Vrugt, D Mathews, P Engelbrecht, JE De V Loubser, PH Cloete, OT Doyer, CF Kleingeld, PR Cillié, NJ Bronkhorst
**Independent Non-Executive Directors:** Dr KM Hurly, Mr W Miller
**Executive Director:** JF Kotzé

naspeurbaarheidsvereistes stiptelik nagekom word, en dat inenting met toepaslike veterinêre toesig onderneem word waar nodig.

Die onmiddellike prioriteit bly die verkryging van bykomende entstowwe en 'n gekoördineerde poging om soveel diere so gou as moontlik in te ent. Ons sal ontwikkelinge noukeurig monitor en lede op hoogte hou.